



# Government Gazette

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Vol. 676

Cape Town  
Kaapstad

8 October 2021

No. 45295

## THE PRESIDENCY

**No. 594**                      **8 October 2021**

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**Act No. 18 of 2014: Private Security Industry Regulation Amendment Act, 2014**

## DIE PRESIDENSIE

**No. 594**                      **8 Oktober 2021**

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**Wet No. 18 van 2014: Wysigingswet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2014**

ISSN 1682-5845



9 771682 584003



4 5 2 9 5



**AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure**

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

[                    ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

                     Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

(English text signed by the President)  
(Assented to 23 September 2021)

**ACT**

To amend the Private Security Industry Regulation Act, 2001, so as to amend certain definitions; to provide for additional powers of the Minister; to provide for the appointment of the director and deputy directors for the Authority; to provide for cooperation with the Civilian Secretariat for Police; to provide for the finances and accountability of the Authority; to provide for limitation on foreign ownership; to provide for the establishment and functions of the Exemption Advisory Committee; to regulate security services rendered outside the Republic; to empower the Minister to make regulations for the transportation of cash and other valuables; to provide for offences and penalties; and to provide for matters connected therewith.

**B**E IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 56 of 2001**

1. Section 1 of the Private Security Industry Regulation Act, 2001 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion after the definition of “business trust” of the following definition:

“**‘Civilian Secretariat’** means the national Civilian Secretariat for the Police Service established in terms of section 4(1) of the Civilian Secretariat for Police Service Act, 2011 (Act No. 2 of 2011);”

(b) by the substitution for the definition of “company” of the following definition:

“**‘company’** means a company within the meaning of the Companies Act, [1973 (Act No. 61 of 1973)] 2008 (Act No. 71 of 2008);”

(c) by the substitution for the definition of “Levies Act” of the following definition:

“**‘Levies Act’** means the Private Security Industry Levies Act, 2002 (Act No. 23 of 2002);”

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

- [ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
- \_\_\_\_\_ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

\_\_\_\_\_  
 (Engelse teks deur die President geteken)  
 (Goedgekeur op 23 September 2021)  
 \_\_\_\_\_

**WET**

Tot wysiging van die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001, ten einde bepaalde omskrywings te wysig; voorsiening te maak vir bykomende bevoegdhede van die Minister; voorsiening te maak vir die aanstelling van die direkteur en adjunkdirekteure vir die Owerheid; voorsiening te maak vir samewerking met die Burgerlike Sekretariaat vir Polisie; voorsiening te maak vir die finansies en aanspreeklikheid van die Owerheid; voorsiening te maak vir beperking van buitelandse eienaarskap; voorsiening te maak vir die instelling en werksaamhede van die Vrystellingsadvieskomitee; sekuriteitsdienste wat buite die Republiek gelewer word, te reguleer; die Minister te bemagtig om regulasies uit te vaardig vir die vervoer van kontant en ander waardevolle goedere; voorsiening te maak vir misdrywe en strawwe; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

**D**AAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 56 van 2001**

1. Artikel 1 van die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf, 2001 (hierna die Hoofwet genoem), word hierby gewysig— 5
- (a) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “beteken” in te voeg: 5  
 “**‘Burgerlike Sekretariaat’** die nasionale Burgerlike Sekretariaat vir die Polisie diens ingestel ingevolge artikel 4(1) van die ‘Civilian Secretariat for Police Service Act, 2011’ (Wet No. 2 van 2011);”;
- (b) deur die omskrywing van “maatskappy” deur die volgende omskrywing te 10  
 vervang:  
 “**‘maatskappy’** ’n maatskappy ooreenkomstig die bedoeling van die Maatskappywet, [1973 (Wet No. 61 van 1973)] 2008 (Wet No. 71 van 2008);”;
- (c) deur die omskrywing van “Minister” deur die volgende omskrywing te 15  
 vervang:  
 “**‘Minister’** die [Minister vir Veiligheid en Sekuriteit] lid van die Kabinet verantwoordelik vir die polisie;”;

- (d) by the substitution for the definitions of “locksmith” and “Minister” of the following definitions:
- “**locksmith**” means a person, including an apprentice employed by a locksmith, who, for the benefit of another person, engages in any activity or business which is related to **[the]**— 5
- (a) designing and managing master key systems;
- (b) installing, maintaining, repairing and changing the combinations of safes, vaults and safety deposit boxes;
- (c) maintaining key code records;
- (d) cutting keys and duplicating existing keys; or 10
- (e) opening, closing or engaging of locking mechanisms of any nature, by means of a specialised device in any manner;
- “**Minister**” means the **[Minister for Safety and Security]** member of the Cabinet responsible for policing;”;
- (e) by the deletion of the definition of “National Commissioner”; 15
- (f) by the insertion, after the definition of “National Commissioner” of the following definition:
- “**National Treasury**” means the National Treasury established by section 5 of the Public Finance Management Act;”;
- (g) by the substitution for the definition of “organ of state” of the following definition: 20
- “**organ of [state] state**” means an organ of **[State] state** as defined in section 239 of the Constitution of the Republic of South Africa **[(Act No. 108 of 1996)]**, 1996, but does not include the Security Services referred to in section 199 of the Constitution;”;
- (h) by the insertion after the definition of “property” of the following definition: 25
- “**Public Finance Management Act**” means the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);”;
- (i) by the substitution for the definition of “security business” of the following definition: 30
- “**security business**” means, subject to **[subsection (2)]** section 20(5) any person who renders a security service to another for remuneration, reward, fee or benefit, except a person acting only as a security officer;”;
- (j) by the substitution for paragraph (a) of the definition of “security officer” of the following paragraph: 35
- “(a) (i) who is employed by another person, including an organ of **[State] state**, subject to section 20(1)(a) and (b) and who receives or is entitled to receive from such other person any remuneration, reward, fee or benefit, for rendering one or more security services; or 40
- (ii) who assists in carrying on or conducting the affairs of another security service provider, and who receives or is entitled to receive from such other security service provider, or any other person, any remuneration, reward, fee or benefit, as regards one or more security services;”;
- (k) by the substitution for paragraph (e) of the definition of “security service” of the following paragraph: 45
- “(e) manufacturing, **[importing, distributing]** assembling, possessing, selling, purchasing, or advertising of **[monitoring devices]** listed equipment contemplated in section 1 of the **[Interception and Monitoring Prohibition Act, 1992 (Act No. 127 of 1992)]** Regulation of Interception of Communications and Provision of Communication-related Information Act, 2002 (Act No. 70 of 2002), authorised by the Minister of Justice and Constitutional Development under section 45(2) and section 46(1)(a)(ii) of that Act;”;
- (l) by the substitution for paragraphs (k) and (l) of the definition of “security service” of the following paragraphs: 50
- “(k) making a person or the services of a person available, whether directly or indirectly, for the rendering of any service referred to in paragraphs (a) to (j) **[and], (l) and (lA)**, to another person; 60
- (l) managing, controlling or supervising the rendering of any of the services referred to in paragraphs (a) to (j) **[and (lA)]**;”;

- (d) deur die omskrywing van “Nasionale Kommissaris” te skrap;
- (e) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Nasionale Kommissaris” in te voeg:  
 “**‘Nasionale Tesourie’** die Nasionale Tesourie ingestel by artikel 5 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur;”;
- (f) deur paragraaf (a) in die omskrywing van “sekuriteitsbeampte” deur die volgende omskrywing te vervang:  
 “(a) (i) wat deur ’n ander persoon, met inbegrip van ’n staatsorgaan, behoudens artikel 20(1)(a) en (b) van die Wet, in diens gehou word om een of meer sekuriteitsdienste te lewer en wat van sodanige ander persoon enige besoldiging, vergoeding, fooi of voordeel ontvang of daarop geregtig is om dit te ontvang; of  
 (ii) wat help om die sake van ’n ander sekuriteitsdiensverskaffer te behartig of te bedryf, en wat van sodanige ander sekuriteitsdiensverskaffer, of enige ander persoon, enige besoldiging, vergoeding, fooi of voordeel met betrekking tot een of meer sekuriteitsdienste ontvang, of daarop geregtig is om dit te ontvang;”;
- (g) deur die omskrywing van “sekuriteitsbesigheid” deur die volgende omskrywing te vervang:  
 “**‘sekuriteitsbesigheid’**, behoudens [subartikel (2)] artikel 20(5), enige persoon wat ’n sekuriteitsdiens vir besoldiging, vergoeding, fooi of voordeel aan ’n ander lewer, behalwe ’n persoon wat slegs as ’n sekuriteitsbeampte optree;”;
- (h) deur paragraaf (e) in die omskrywing van “sekuriteitsdiens” deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(e) vervaardiging, [invoer, verspreiding] montering, besit, verkoop, aankoop of advertering van [meeluisterapparate] gelyste toerusting bedoel in artikel 1 van die [Wet op die Verbod op Onderskepping en Meeluistering, 1992 (Wet No. 127 van 1992)] Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasies en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, 2002 (Wet No. 70 van 2002), gemagtig deur die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling kragtens artikel 45(2) en artikel 46(1)(a)(ii) van daardie Wet;”;
- (i) deur paragrawe (k) en (l) van die omskrywing van “sekuriteitsdiens” deur die volgende paragrawe te vervang:  
 “(k) beskikbaarstelling van ’n persoon of die dienste van ’n persoon, hetsy regstreeks of onregstreeks, vir die lewering van enige diens bedoel in paragrawe (a) tot (j) [en], (l) en (lA), aan ’n ander persoon;  
 (l) bestuur of beheer van of toesighouding oor die lewering van enige van die dienste in paragrawe (a) tot (j) en (lA) bedoel;”;
- (j) deur die volgende paragraaf na paragraaf (l) in die omskrywing van “sekuriteitsdiens” in te voeg:  
 “(lA) beskerming of beveiliging van kontant of waardevolle goedere, met inbegrip van edelmetale of juweliersware wanneer dit op ’n openbare pad vervoer word, behalwe wanneer dit deur ’n persoon op sy of haar eie verantwoordelikheid, of deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, vervoer word, of in die geval van vervoer met begeleiding van die Diens;”;
- (k) deur paragraaf (m) in die omskrywing van “sekuriteitsdiens” deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(m) die skep[.] op enige wyse van die indruk dat een of meer van die dienste in paragrawe (a) tot [(l)] (lA) gelewer word;”;
- (l) deur die omskrywing van “sekuriteitsdiensverskaffer” deur die volgende omskrywing te vervang:  
 “**‘sekuriteitsdiensverskaffer’** ’n persoon wat ’n sekuriteitsdiens teen besoldiging, vergoeding, [fooi] gelde of ’n voordeel aan ’n ander lewer en sluit sodanige persoon in wat nie geregistreer is soos ingevolge hierdie Wet vereis word nie;”;

- (m) by the insertion of the following after paragraph (l) of the definition of “security service” of the following paragraph:  
 “(lA) protecting or safeguarding of cash or goods with a high value, including precious metals or jewellery when transported on a public road, except when transported by a person at his or her own account, or by the South African National Defence Force or in the case of transport by escort of the Service;”;
- (n) by the substitution for paragraph (m) of the definition of “security service” of the following paragraph:  
 “(m) creating the impression, in any manner, that one or more of the services in paragraphs (a) to [(l)] (lA) are rendered;”;
- (o) by the substitution for the definition of “security service provider” of the following definition:  
 “**security service provider**” means a person who renders a security service to another for [a] remuneration, reward, fee or benefit and includes such a person who is not registered as required in terms of this Act;”;
- (p) by the deletion of subsection (2).

### Substitution of section 2 of Act 56 of 2001

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act: 20

#### “Establishment of Private Security Industry Regulatory Authority

2. [(1)] A juristic person to be known as the Private Security Industry Regulatory Authority, is hereby established.

[(2) **The head office of the Authority is situated in Pretoria.**]

### Amendment of section 3 of Act 56 of 2001

3. Section 3 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for the words preceding paragraph (a) of the following words:  
 “The primary objects of the Authority are to regulate the private security industry and to exercise effective control over the practice of the occupation of security service provider in the public and national interest and [**the interest of the private security industry itself, and**] for that purpose, subject to this Act, to—”; and
- (b) by the substitution for paragraphs (a) to (q) of the following paragraphs:  
 “(a) ensure a legitimate private security industry which—
- (i) acts in terms of the principles contained in the Constitution and other applicable law;
  - (ii) is characterised by ethical conduct, accessibility, accountability, transparency, equity, professionalism and stability; and
  - (iii) protects and serves the interests of members of the public who use or are affected by the security services;
- (b) determine and enforce minimum standards of occupational conduct in respect of security service providers;

- (m) deur die omskrywing van “slotmaker” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘slotmaker’** ’n persoon, ook ’n vakleerling in diens van ’n slotmaker, wat, vir die voordeel van ’n ander persoon, enige bedrywigheid verrig of besigheid bedryf wat met die— 5
- (a) ontwerp en bestuur van loperstelsels;
- (b) installering, instandhouding, herstel en verandering van die kombinasies van kluiise, brandkluiise en bewaarkissies;
- (c) instandhouding van sleutelkoderekords;
- (d) sny van sleutels en duplisering van bestaande sleutels; of 10
- (e) oopsluit, toesluit of inmeekaarskakeling van sluitmeganismes van enige aard, deur middel van ’n gespesialiseerde toestel op enige wyse, verband hou;”;
- (n) deur die omskrywing van “staatsorgaan” deur die volgende omskrywing te vervang: 15
- “**‘staatsorgaan’** ’n staatsorgaan soos in artikel 239 van die Grondwet [(Wet No. 108 van 1996)] van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, omskryf, maar sluit nie die veiligheidsdienste in artikel 199 van die Grondwet bedoel in nie;” 20
- (o) deur die omskrywing vir “Wet op Heffings” deur die volgende omskrywing te vervang:
- “**‘Wet op Heffings’** die Wet op Heffings op die Private Sekuriteitsbedryf, 2002 (Wet No. 23 van 2002);”;
- (p) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van “Wet op Heffings” in te voeg: 25
- “**‘Wet op Openbare Finansiële Bestuur’** die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);” en
- (q) deur subartikel (2) te skrap.
- Vervanging van artikel 2 van Wet 56 van 2001** 30
2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:
- “Instelling van Regulerende Owerheid vir Private Sekuriteitsbedryf**
2. [(1)] ’n Regspersoon om as die Regulerende Owerheid vir die Private Sekuriteitsbedryf bekend te staan, word hierby ingestel.
- [(2) Die hoofkantoor van die Owerheid is in Pretoria geleë.]” 35

**Wysiging van artikel 3 van Wet 56 van 2001**

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan deur die volgende woorde te vervang: 40
- “Die hoofmerke van die Owerheid is om die private sekuriteitsbedryf te reguleer en om effektiewe beheer oor die beoefening van die beroep van sekuriteitsdiensverskaffer in die openbare en nasionale belang [en die belang van die private sekuriteitsbedryf] uit te oefen, en vir daardie doel, behoudens hierdie Wet, om—”;
- (b) deur paragrawe (a) tot (q) deur die volgende paragrawe te vervang: 45
- “(a) ’n legitieme private sekuriteitsbedryf te verseker wat—
- (i) ingevolge die beginsels in die Grondwet en ander toepaslike wetsbepalings vervat, optree;
- (ii) deur etiese optrede, toeganklikheid, aanspreeklikheid, deursigtigheid, billikheid, professionalisme en stabiliteit gekenmerk word; en 50
- (iii) die belange van lede van die publiek wat die sekuriteitsdienste gebruik of daardeur geraak word, beskerm en dien;
- (b) minimum standaarde van bedryfsgedrag ten opsigte van sekuriteitsdiensverskaffers te bepaal en af te dwing; 55

- (c) ensure that the process of registration of security service providers is transparent, fair, objective and concluded timeously;
- (d) promote high and uniform standards in the training of security service providers and prospective security service providers;
- (e) promote the protection and enforcement of the rights of security officers and other employees in the private security industry; 5
- (f) ensure that compliance with existing legislation by security service providers is being promoted and controlled through a process of active monitoring and investigation of the affairs of security service providers; and 10
- (g) promote awareness amongst the public and the private security industry on the functions and role of the Authority and the industry.”.

#### Amendment of section 4 of Act 56 of 2001

4. Section 4 of the principal Act is hereby amended— 15
- (a) by the substitution for paragraphs (b) and (c) of the following paragraphs:
    - “(b) enquire into and report to the Minister, through the Council, on any matter concerning the objects of the Authority;
    - (c) advise the Minister, through the Council, on any matter deemed by the Authority to be necessary or expedient to be considered by the Minister in connection with the provisions of this Act, or the Levies Act, or the application thereof, and on any matter relating to security services which has been referred by the Minister to the Authority for the advice and recommendations of the Authority;” and 20
  - (b) by the substitution for paragraphs (e) to (ii) of the following paragraphs: 25
    - “(e) receive and consider applications for registration and renewal of registration as security service provider and grant or renew registration to applicants who comply with the requirements for such registration or renewal of registration in terms of this Act;
    - (f) establish and manage offices for the Authority in every province; 30
    - (g) provide or disseminate information promoting and encouraging compliance with this Act, the Levies Act and the code of conduct, by security service providers;
    - (h) provide information to the users, prospective users or representatives of users of security services regarding the compliance of security service providers with the provisions of this Act and the Levies Act; 35
    - (i) in the prescribed manner establish a complaints office to receive, process, refer or deal with complaints regarding unlawful or unethical conduct by security service providers; 40
    - (j) determine, charge and collect fees as provided for in this Act or in respect of any service rendered by the Authority or any object made available by the Authority;
    - (k) determine minimum internal control systems for security businesses, including but not limited to, accounting and reporting procedures and any other procedures or systems; 45
    - (l) conduct, or cause to be conducted, hearings, investigations and inquiries with regard to any matter falling within the scope of its functions;
    - (m) enter into agreements with or obtain the assistance of any department or organ of state to conduct or assist it in conducting any investigation or performing any other function in terms of this Act or the Levies Act; and 50
    - (n) take such steps as may be expedient or necessary in connection with the training of security service providers and prospective security service providers to ensure a high quality of training and in particular with regard to— 55



- (c) te verseker dat die registrasieproses van sekuriteitsdiensverskaffers deursigtig, regverdig, objektief en betyds afgehandel word;
- (d) hoë en eenvormige standaarde in die opleiding van sekuriteitsdiensverskaffers en voornemende sekuriteitsdiensverskaffers te bevorder; 5
- (e) die beskerming en afdwinging van die regte van sekuriteitsbeampies en ander werknemers in die private sekuriteitsbedryf te bevorder;
- (f) te verseker dat voldoening deur sekuriteitsdiensverskaffers bevorder en beheer word deur 'n proses van aktiewe monitering en ondersoek van die sake van sekuriteitsdiensverskaffers; en 10
- (g) bewusheid onder die publiek en die private sekuriteitsbedryf oor die werksaamhede en rol van die Owerheid en die bedryf te bevorder.”.

#### Wysiging van artikel 4 van Wet 56 van 2001 15

##### 4. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig—

- (a) deur paragrawe (b) en (c) deur die volgende paragrawe te vervang:
  - “(b) ondersoek instel na en aan die Minister, deur die Raad, rapporteer oor enige aangeleentheid betreffende die oogmerke van die Owerheid; 20
  - (c) die Minister, deur die Raad, oor enige aangeleentheid adviseer wat deur die Owerheid nodig of dienstig geag word om deur die Minister in verband met die bepalings van hierdie Wet of die Wet op Heffings, of die toepassing daarvan, oorweeg te word, en oor enige ander aangeleentheid met betrekking tot sekuriteitsdienste wat deur die Minister na die Owerheid vir die advies en aanbevelings van die Owerheid verwys is;”;
- (b) deur paragrawe (e) tot (ii) deur die volgende paragrawe te vervang:
  - “(e) aansoeke om registrasie en hernuwing van registrasie as sekuriteitsdiensverskaffer ontvang en oorweeg en registrasie toestaan aan of hernu vir applikante wat aan die vereistes vir sodanige registrasie of hernuwing van registrasie ingevolge hierdie Wet, voldoen; 30
  - (f) kantore vir die Owerheid in elke provinsie vestig en bestuur;
  - (g) inligting wat voldoening aan hierdie Wet, die Wet op Heffings en die gedragskode deur sekuriteitsdiensverskaffers bevorder en aanmoedig, voorsien of versprei; 35
  - (h) inligting aan die gebruikers, voornemende gebruikers of verteenwoordigers van gebruikers van sekuriteitsdienste verskaf aangaande die voldoening deur sekuriteitsdiensverskaffers aan die bepalings van hierdie Wet en die Wet op Heffings; 40
  - (i) op die voorgeskrewe wyse 'n klagteskantoor vestig om klagtes aangaande onwettige of onetiese gedrag deur sekuriteitsdiensverskaffers te ontvang, verwerk, verwys of hanteer;
  - (j) gelde bepaal, vorder en insamel soos in hierdie Wet voorvoorsiening gemaak of ten opsigte van enige diens deur die Owerheid gelewer of enige voorwerp deur die Owerheid beskikbaar gestel; 45
  - (k) minimum interne beheerstelsels vir sekuriteitsbesighede, met inbegrip van maar nie beperk nie tot, rekeningkundige en verslagprosedures en enige ander prosedures of stelsels, bepaal; 50
  - (l) verhore, ondersoeke en navrae doen of laat doen aangaande enige aangeleentheid wat in die bestek van sy werksaamhede val;
  - (m) ooreenkomste aangaan met of die bystand verkry van enige departement of staatsorgaan om enige ondersoek of enige ander werksaamheid ingevolge die Wet of die Wet op Heffings te doen of bystand daarmee te verleen; en 55
  - (n) sodanige stappe doen wat nodig of dienstig is in verband met die opleiding van sekuriteitsdiensverskaffers en voornemende sekuriteitsdiensverskaffers om te verseker dat opleiding van 'n hoë gehalte is en in die besonder ten opsigte van— 60

- (i) the accreditation and withdrawal of the accreditation of persons and institutions providing security training;
- (ii) the monitoring and auditing of the quality of training functions performed by accredited persons;
- (iii) the participation in the activities of other bodies or persons entitled by law to set standards in respect of training of security service providers or bodies entitled to formulate, implement or monitor skills development plans for the private security industry; 5
- (iv) the appointment of persons to monitor and assess achievements or outcomes in respect of standards applicable to training; 10
- (v) the determination and accreditation of qualifications required by security service providers to perform particular types of security services; and 15
- (vi) the taking of reasonable steps to verify the authenticity of training certificates presented by persons for the purposes of this Act.”.

#### Amendment of section 5 of Act 56 of 2001

5. Section 5 of the principal Act is hereby amended— 20
- (a) by the insertion of the following subsection after subsection (2):  
 “(2A) The Public Finance Management Act applies to the Council and the Authority.”;
  - (b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:  
 “(4) The Authority must otherwise perform its functions in terms of this Act **[and]**, the Levies Act and the Public Finance Management Act **[and in accordance with such guidelines and policy directions as may be issued by the Minister from time to time by notice in the Gazette]**.”; 25
  - (c) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:  
 “(5) (a) The Authority must perform its functions in accordance with such guidelines and policy directions as may be issued by the Minister from time to time by notice in the *Gazette*.  
 (b) A guideline or policy direction issued by the Minister in terms of this section, may be amended, withdrawn or substituted by the Minister, by notice in the *Gazette*.”; and 30
  - (d) by the addition of the following subsection:  
 “(6) Whenever members of the Council are unable to agree on a material financial, governance or operational issue which cannot be resolved by the Council, the Minister must mediate between the parties.”. 35 40

#### Amendment of section 6 of Act 56 of 2001

6. Section 6 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the insertion of “(1)” after the section number; and
  - (b) by the addition of the following subsections: 45
    - “(2) Subject to section 7, a member of the Council for the Authority must be a fit and proper person with due regard to his or her experience, conscientiousness and integrity to be entrusted with the responsibilities of the office concerned.
    - (3) The members of the Council must, when viewed collectively be persons who are suited to serve on the Council by virtue of their qualifications, experience and expertise in the fields of finance, law and governance. 50
    - (4) The Minister must report to Parliament on the appointment of councillors, as well as their qualifications, experience and expertise.”. 55

- (i) die akkreditasie en intrekking van die akkreditasie van persone en instellings wat sekuriteitsopleiding aanbied;
- (ii) die monitering en ouditering van die gehalte van opleidingswerksaamhede wat deur geakkrediteerde persone verrig word; 5
- (iii) die deelname in die aktiwiteite van ander liggame of persone wat volgens wet die reg het om standaarde te stel ten opsigte van opleiding van sekuriteitsdiensverskaffers of liggame wat die reg het om vaardigheidsontwikkelingsplanne vir die sekuriteitsbedryf te formuleer, in werking te stel of te moniteer; 10
- (iv) die aanstelling van persone om prestasies of resultate ten opsigte van standaarde van toepassing op opleiding te moniteer en te assesseer;
- (v) die vasstelling en akkreditasie van kwalifikasies wat sekuriteitsdiensverskaffers moet hê om bepaalde tipes sekuriteitsdienste te verrig; en 15
- (iv) die neem van redelike stappe om die egtheid van opleidingsertifikate te verifieer wat vir die doeleindes van hierdie Wet deur persone voorgelê word.”. 20

#### Wysiging van artikel 5 van Wet 56 van 2001

5. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:
 

“(2A) Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur is op die Raad en die Owerheid van toepassing.”; 25
  - (b) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:
 

“(4) Die Owerheid moet andersins sy werksaamhede ingevolge hierdie Wet [en], die Wet op Heffings en die Wet op Openbare Finansiële Bestuur verrig **in ooreenstemming met sodanige riglyne en beleidsvoorskrifte as wat van tyd tot tyd deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant uitgereik mag word**.”; 30
  - (c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:
 

“(5) (a) Die Owerheid moet sy werksaamhede ooreenkomstig sodanige riglyne en beleidsvoorskrifte verrig wat van tyd tot tyd deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant uitgereik kan word. 35

(b) ’n Riglyn of beleidsvoorskrif deur die Minister ingevolge hierdie artikel uitgereik, kan deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant gewysig, ingetrek of vervang word.”; en
  - (d) deur die volgende subartikel by te voeg:
 

“(6) Wanneer lede van die Raad nie oor ’n wesentliche finansiële, beheer- of bedryfswessie kan ooreenkom nie wat nie deur die Raad opgelos kan word nie, moet die Minister as bemiddelaar tussen die partye optree.”. 40

#### Wysiging van artikel 6 van Wet 56 van 2001

6. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig— 45
- (a) deur “(1)” na die artikelnommer in te voeg; en
  - (b) deur die volgende subartikels by te voeg:
 

“(2) Behoudens artikel 7, moet ’n lid van die Raad vir die Owerheid ’n geskikte en gepaste persoon wees met behoorlike inagneming van sy of haar ervaring, pligsgetrouheid en integriteit om met die verantwoordelikhede van die betrokke amp toevertrou te word. 50

(3) Die lede van die Raad moet, wanneer gesamentlik gesien, persone wees wat geskik is om in die Raad te dien uit hoofde van hul kwalifikasies, ervaring en kundigheid in die velde van finansies, reg en staatsbestuur. 55

(4) Die Minister moet aan die Parlement verslag doen oor die aanstelling van raadslede, asook hul kwalifikasies, ervaring en deskundigheid.”.

**Amendment of section 7 of Act 56 of 2001**

7. Section 7 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:  
 “(a) is not a citizen of [**or does not have permanent resident status in** the Republic;”;
- (b) by the deletion of paragraph (c);
- (c) by the substitution for paragraphs (d) and (e) of the following paragraphs:  
 “(d) is an unrehabilitated insolvent; [**or**]  
 (e) has not obtained such a security clearance by the State Security Agency as may have been determined by the Minister [**;** or;”;
- (d) by the addition of the following paragraph after paragraph (e):  
 “(f) has been convicted of a criminal offence, or who is subject to a pending criminal prosecution.”.

**Amendment of section 8 of Act 56 of 2001**

8. Section 8 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:  
 “(1) A councillor is, subject to this section, appointed for a period not exceeding [**three**] five years, on such terms and conditions as the Minister may determine in a letter of appointment, provided that all members of the Council serve on a part-time basis.”  
 (2) A councillor is eligible for reappointment upon the expiry of his or her term of office, for a period not exceeding two [**additional terms**] years, if he or she continues to meet the requirements for such appointment in terms of this Act.”;
- (b) by the deletion in subsection (3) of the word “or” at the end of paragraph (c), the insertion of the word “or” at the end of paragraph (d) and the addition of the following paragraph:  
 “(e) he or she is no longer a fit and proper person as required in section 6(2).”;
- (c) by the insertion after subsection (3) of the following subsection:  
 “(3A) When a councillor becomes subject to any disqualification referred to in section 7 or is absent from three consecutive meetings of the Council, the chairperson, vice-chairperson or acting chairperson contemplated in section 12(10), as the case may be, must inform the Minister in writing within a reasonable time, but before the next meeting of Council, of such disqualification or absence.”;
- (d) by the substitution for subsections (5) and (6) of the following subsections:  
 “(5) If a councillor ceases to hold office the Minister must, with due regard to [**section**] sections 6(2) and 7, within [**a reasonable time**] six months appoint a person to fill the vacancy [**for the unexpired portion of the former councillor’s term of office**].  
 (6) A councillor, or a member of a committee appointed by the Council referred to in section 13(1), who is not an employee of the Authority or an officer or employee in the Public Service, may be paid from the funds of the Authority such remuneration and allowances as the [**Council**] Minister may determine with the concurrence of the Minister of Finance.”;
- (e) by the deletion of subsection (7); and
- (f) by the addition of the following subsection:  
 “(8) The Authority is responsible for all legitimate costs of Council including the remuneration for the Council secretary.”.

**Amendment of section 9 of Act 56 of 2001**

9. Section 9 of the principal Act is hereby amended—
- (a) by the substitution for the heading of the section of the following heading:  
 “**Functions of Council [and], chairperson and secretary**”;

**Wysiging van artikel 7 van Wet 56 van 2001**

7. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:  
 “(a) nie ’n burger is van [**of nie die status van permanente inwoner in** die Republiek [**het**] nie;”;
- (b) deur paragraaf (c) te skrap;
- (c) deur paragrawe (d) en (e) deur die volgende paragrawe te vervang:  
 “(d) ’n ongerehabiliteerde insolvent is; [**of**]  
 (e) nie die sekerheidsklaring deur die Staatsveiligheidsagentskap wat deur die Minister bepaal mag gewees het, verkry het nie[.]; of”;
- (d) deur die volgende paragraaf na paragraaf (e) in te voeg:  
 “(f) aan ’n misdadig skuldig bevind is of wat aan ’n hangende strafregtelike vervolging onderworpe is.”

**Wysiging van artikel 8 van Wet 56 van 2001**

8. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:  
 “(1) ’n Raadslid word, behoudens hierdie artikel, vir ’n tydperk van hoogstens [**drie**] vyf jaar aangestel, op sodanige bedinge en voorwaardes as wat die Minister in ’n brief van aanstelling mag bepaal, met dien verstande dat alle lede van die Raad deelyds dien.  
 (2) ’n Raadslid is bevoeg om weer by die verstryking van sy of haar ampstermyn aangestel te word vir ’n tydperk wat nie twee [**addisionele termyn**] jaar oorskry nie, indien hy of sy volhou om aan die vereistes vir sodanige aanstelling ingevolge hierdie Wet te voldoen.”;
- (b) deur in subartikel (3) die woord “of” aan die einde van paragraaf (c) te skrap, die woord “of” aan die einde van paragraaf (d) in te voeg en die volgende paragraaf by te voeg:  
 “(e) hy of sy nie meer ’n geskikte en gepaste persoon soos in artikel 6(2) vereis, is nie.”;
- (c) deur die volgende subartikel na subartikel (3) in te voeg:  
 “(3A) Wanneer ’n raadslid aan enige diskwalifikasie in artikel 7 bedoel onderworpe raak of van drie agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig is, moet die voorsitter, ondervoorsitter of waarnemende voorsitter in artikel 12(1) beoog, na gelang van die geval, die Minister binne ’n redelike tyd, maar voor die volgende vergadering van die Raad, skriftelik verwittig van sodanige diskwalifikasie of afwesigheid.”;
- (d) deur subartikels (5) en (6) deur die volgende subartikels te vervang:  
 “(5) Indien ’n raadslid ophou om die amp te beklee, moet die Minister, met behoorlike inagneming van [**artikel**] artikels 6(2) en 7, binne [**’n redelike tyd**] ses maande ’n persoon aanstel om die vakature [**vir die onverstreke gedeelte van die vorige raadslid se ampstermyn**] te vul.  
 (6) Aan ’n raadslid, of ’n lid van ’n komitee ingevolge artikel 13(1) deur die Raad aangestel, wat nie ’n werknemer van die Owerheid of ’n beampste of werknemer in die Staatsdiens is nie, kan uit die fondse van die Owerheid die besoldiging en toelaes betaal word wat die [**Raad**] Minister, met die [**goedkeuring**] instemming van die Minister van Finansies, bepaal.”;
- (e) deur subartikel (7) te skrap; en
- (f) deur die volgende subartikel by te voeg:  
 “(8) Die Owerheid is verantwoordelik vir alle wettige uitgawes van die Raad, met inbegrip van die besoldiging van die Raadsekretaris.”

**Wysiging van artikel 9 van Wet 56 van 2001**

9. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur die opskrif van die artikel deur die volgende opskrif te vervang:  
 “**Werksaamhede van Raad [en], voorsitter en sekretaris**”;

- (b) by the substitution in paragraph (c) of subsection (1) for the words preceding subparagraph (i) of the following words:  
 “[**may**] must, in consultation with the Minister, by notice in the *Gazette* make rules, subject to the provisions of this Act [**and**], the Levies Act[,], and the Public Finance Management Act regarding—”; 5
- (c) by the insertion after subsection (1) of the following subsection:  
 “(1A) In formulating the rules referred to in subsection (1)(c), cognisance must be taken of the principles relating to improvement of service delivery, quality of training and integrity as applicable to the public administration.”; 10
- (d) by the deletion in subsection (2) of paragraph (a);
- (e) by the substitution in subsection (2) for paragraph (d) of the following paragraph:  
 “(d) must provide strategic direction to the [**director and**] Authority through the Council; and”; 15
- (f) by the deletion in subsection (2) of paragraph (e) and by the substitution in subsection (2) for paragraph (f) of the following paragraph:  
 “(f) must [**establish and**] maintain [**liaison**] a working relationship with the Civilian Secretariat [**for Safety and Security to ensure transformation in the**] to cooperate on policing and policy matters related to the [**Private Security Industry**] private security industry.”; and 20
- (g) by the addition of the following subsection:  
 “(3) (a) The Council must, after obtaining the advice of the Department of Public Service and Administration and in consultation with the Minister, appoint a suitably qualified person to act as Council secretary. 25  
 (b) The Council secretary must be accountable to the chairperson and the Council.  
